

## **PLAASWERKERS VERLOOR TEEN MARKKRAGTE**

### **DEUR**

### **DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

Volgens die jongste vrystelling van Statistiek SA se kwartaallikse opname van Suid-Afrika se werksmag (29 Julie 2014), het altesaam 73 000 poste sedert die ooreenstemmende tyd in 2013 uit die landbousektor verdwyn. Dit is bykans 10% minder plaaswerkers as wat ʼn jaar gelede in diens van boere was. Skynbaar maak hierdie enorme afskaling van werksgeleenthede in die landbou almal behalwe arbeidsunies en die regerende party bekommerd want die rede vir hierdie afname word deur verskeie kommentators aan vakbonde se magsvertoon en die regering se beperkende arbeidswette toegeskryf. Gepaardgaande met die verwagtinge wat onuitvoerbare grondhervormingsplanne by plaaswerkers skep, raak arbeid net eenvoudig ʼn risiko wat ingrypend bestuur moet word. Gevolglik skaal boere hulle afhanklikheid van plaaswerkers toenemend af.

Die afname in plaaswerkers vind reeds die afgelope 20 jaar plaas. In 1994, toe die ANC aan bewind gekom het, was daar bykans 1,1 miljoen arbeiders op plase werksaam gewees. Die jongste statistiek dui aan dat daar in 2014 nou 670 000 plaaswerkers oor is. Dit is ʼn totale verlies van 430 000 werksgeleenthede op Suid-Afrika se plase in die bestek van 20 jaar.

#### **Die produksieproses**

Onder vrye markstelsel word kapitale bates hoofsaaklik deur privaat persone besit en beheer. Arbeid word in die vorm van lone en salarisse ʼgekoopʼ om die kapitale bates in produksie te bring sodat dit winste vir die eienaars kan realiseer. Kommoditeite word dus bymekaar gegooi met die doel om ʼn surplus waarde bʼ die koste van die kommoditeite te voeg sodat die surplus in die vorm van wins die kapitaaleienaar as beloning kan toeval. Die kernaspek is dat bestaande kommoditeite (saad, kunsmis, diesel, onkruid- en plaagdoders) tydens die produksieproses in nuwe kommoditeite (mielies, sojas, koring) omskep word sodat die nuwe kommoditeite teen hoer waarde verkoop kan word as wat die onderlinge aankoopwaarde van die bestanddele was.

Kritiek teen die vrye mark is dat arbeid onder hierdie stelsel ook as blote kommoditeit beskou word. Getrou aan die grondslag van die vrye mark móet arbeid dus ook so aangewend word dat dit surplus bʼ die aanvanklike koste kan realiseer. Die koste van arbeid, soos weerspieel in loon of salaris, moet dus onvermydelik minder wees as die waarde wat dit vir die kapitaaleienaar realiseer. Dit stel die kapitaaleienaar in staat om surplus waarde uit arbeid te onttrek en wins daaruit te akkumuleer. Die resultaat is dat, onder die vrye mark, daar groot gedeelte van die mense is wat nie self oor kapitale hulpbronne beskik nie wat hulle in staat sou stel om onafhanklike bestaan te kon maak. Hierdie groep mense het dus geen ander keuse nie as om hulle arbeid teen ʼn prys aan kapitaaleienaars te verkoop.

## **Die arbeidsmark**

Die funksie van die arbeidsmark is om die prys van arbeid vas te stel. Hierdie prys moet die waarde reflekteer wat arbeid tot die produksieproses kan byvoeg en moet terselfdertyd ook die arbeiders se vermoë en bereidwilligheid weerspieel om hulleself vir werk beskikbaar te stel. Dit is hoe dit in 'n vrye en kompeterende mark behoort te funksioneer waar verskeie werkgewers opsoek na arbeiders is en die arbeiders op hulle beurt weer werk soek. Die werkgewers se vraag na arbeid en die werkers se gewilligheid om hulle dienste aan te bied bepaal die prys van die arbeid. Soos in enige geval van vraag en aanbod sal die prys hoog wees as die aanvraag hoog en die aanbod laag is terwyl die prys laag gaan wees as die aanvraag laag en die aanbod hoog is.

Die deurslaggewende faktor by die vasstelling van arbeid se prys is die mate waartoe die arbeid 'n bydrae tot die waarde van die eindproduk kan voeg. Dit word in terme van produktiwiteit uitgedruk. Werkgewers sal nie arbeiders aanstel wat nie meer waarde kan toevoeg as wat die koste van hulle arbeid is nie. Daar moet dus 'n winsmotief vir die gebruik van arbeid wees anders is dit sinneloos om van arbeid gebruik te maak. Gevolglik sal werkers wat meer produktief is in groter aanvraag wees as werkers wat minder produktief is.

In Suid-Afrika word lone tans tot 'n groot mate op gedwonge wyse deur vakbonddruk of regeringsinmenging vasgestel. Dit lei noodwendig daartoe dat die verhouding tussen die koste van arbeid en die waarde wat dit vir die werkgewer toevoeg, kunsmatig en nie deur markkragte nie, vernou. Gevolglik verlaag die vraag na arbeid omdat werkgewers alternatiewe soek waarmee waarde tot hul eindprodukte gevoeg kan word. Boere vervang byvoorbeeld hulle arbeiders met masjinerie of probeer met minder arbeiders steeds dieselfde hoeveelheid werk verrig terwyl myne minder winsgewende skagte toemaak.

## **Landbou se primêre rol**

Landbou en mynbou as primêre sektore skep op grootskaal werk vir laaggeskoolde en onervare werkers. Soos wat hulle vaardighede en ervaring toeneem, verhoog hulle aanvraag in sekondêre sektore. Verlies aan werk in die landbousektor behoort dus tot 'n toename in werksgeleenthede in die sekondêre sektore te lei maar dit gebeur nie tans nie. Dieselfde syfers wat Statistiek SA onlangs vrygestel het toon dat werksgeleenthede in konstruksie en vervaardiging gesamentlik ook met 61 000 afgeneem het. Die vermindering van plaaswerkers het dus nie tot 'n toename in die opvolgende sektore se arbeidsmag gelei nie. Daar is sedert 2013 intendeel 'n gesamentlike verlies van 134 000 werksgeleenthede tussen die twee vlakke van produksie. Dit is 'n aanduiding dat plaaswerkers se vaardighede ook nie in aanvraag vir die daaropvolgende vlakke van die ekonomie is nie.

Die twee vernaamste primêre sektor, landbou en mynbou, behoort aangemoedig te word om eerder te veel as te min arbeiders in diens te neem. Meer werkers op 'n plaas beteken meer geleenthede vir individuele werkers om te spesialiseer in wat hulle doen en om unieke vaardighede aan te leer wat hulle meer gesog as werknemers sal maak. Hoe meer gespesialiseerde werkers uiteindelik in die ekonomie werksaam is, hoe meer produktief is die land se arbeidsmag en hoe meer produktief die arbeidsmag is, hoe meer kan hulle betaal word.

Tans gebeur die teenoorgestelde. Omdat boere juis nie meer geleenthede vir spesialisasie op plase skep nie, bly plaaswerkers meestal net algemene werkers en ontwikkel hulle nie vaardighede wat die aanvraag na hulle arbeid verhoog nie.

### **Die gevolge**

Die hoë minimum loon ̄prys ̄ plaaswerkers met lae vaardighede as ̄ ware uit die mark en dit lei tot die afskaling van werksgeleenthede op plase. Gevolglik styg werkloosheid en daarmee saam die sogenaamde ongelykhede tussen ryk en arm. Suid-Afrika se ongelykheid is egter nie noodwendig tussen ryk en arm nie maar eerder tussen die wat werk het en die wat nie werk het nie want die kunsmatige minimum loon bring nie die vraag na werkers en die aanbod van hulle arbeid in balans met die waarde wat hulle tot die ekonomie kan toevoeg nie.

Die werking van die ekonomie word dikwels aan die hand van markkragte verduidelik. Dit word nie om dowe neutte gedoen nie want soos in die geval van natuurkragte, is daar ook kragte aan die werk om voortdurend die ekonomiese ewewig te herstel en is daar ongelukkig ook baie keer slagoffers by betrokke wat uiteindelik ̄n prys moet betaal.

Die Wes-Kaapse arbeidsonrus van 2012 en die daaropvolgende 51% styging van die minimum loon, het uiteindelik 73 000 slagoffers op plase geëis. Oor ̄n jaar van nou af sal dit duidelik wees hoeveel slagoffers die Minister van Grondsake se sinnelose gedagte dat boere die helfte van hulle plase aan hulle arbeiders moet gee, geëis het.

---

**Bethlehem**  
**Augustus 2014**